AgEcon SEARCH
RESEARCH IN AGRICULTURAL & APPLIED ECONOMICS

*The World's Largest Open Access Agricultural & Applied Economics Digital Library*

# This document is discoverable and free to researchers across the globe due to the work of AgEcon Search.

# Help ensure our sustainability.

Give to AgEcon Search

AgEcon Search
http://ageconsearch.umn.edu
aesearch@umn.edu

*Papers downloaded from **AgEcon Search** may be used for non-commercial purposes and personal study only. No other use, including posting to another Internet site, is permitted without permission from the copyright owner (not AgEcon Search), or as allowed under the provisions of Fair Use, U.S. Copyright Act, Title 17 U.S.C.*

# DIE RISIKO VAN IRRELEVANSIE GENOODSAAK 'N ALTERNATIEWE PARADIGMA VIR DIE SUID-AFRIKAANSE LANDBOU-EKONOOM

The risk of irrevelance necessitates an alternative pattern for the South African agricultural economist.

WE Kassier
*Departement Landbou-ekonomie, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, 7600*

TE Kleynhans
*Departement Landbou-ekonomie, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, 7600*

UITTREKSEL

In hierdie referaat sal eerstens die tipiese huidige landbou-ekonomiese paradigma bespreek word en die leemtes daarvan uitgewys word. Daarna sal aandag geskenk word aan 'n alternatiewe paradigma wat die problematiek van die Suider-Afrikaanse landbou sal aanspreek. Die kommersiële landboubedryf in Suid-Afrika word dan beskryf soos dit tans daar uitsien as 'n uitvloeisel van onder andere die heersende landbou-ekonomiese paradigma. Die bestaanslandbou word nie aangespreek nie. Die referaat sal afgesluit word met 'n bespreking van sekere veranderings wat in die vooruitsig gestel word sou die alternatiewe paradigma aanvaar word.

## 1. INLEIDING

Die landbou-ekonoom in Suider-Afrika bevind homself in 'n milieu wat op alle terreine toenemend kompleks word en wat hoë eise aan sy denkraamwerk en navorsings- en beplanningsinstrumente sal stel. Een van hierdie veranderinge is die publiek se aandrang om groter inspraak by beleidsaangeleenthede. Dit bring mee dat die landbou-ekonoom by hierdie veranderende omstandighede sal moet aanpas as hy relevant wil bly.

In hierdie referaat sal eerstens die tipiese huidige landbou-ekonomiese paradigma bespreek word en die leemtes daarvan uitgewys word. Daarna sal aandag geskenk word aan 'n alternatiewe paradigma wat die problematiek van die Suider-Afrikaanse landbou sal aanspreek. Die kommersiële landboubedryf in Suid-Afrika word dan beskryf soos dit tans daar uitsien as 'n uitvloeisel van onder andere die heersende landbou-ekonomiese paradigma. Die bestaanslandbou word nie aangespreek nie. Die referaat sal afgesluit word met 'n bespreking van sekere veranderings wat in die vooruitsig gestel word sou die alternatiewe paradigma aanvaar word.

## 2. DIE LANDBOU-EKONOOM EN SY HUIDIGE PARADIGMA

### Neo-klassieke en "nuwe" welvaartekonomie

Die tipiese Suid-Afrikaanse landbou-ekonoom het tot op hede op grond van sy opleiding en politieke oriëntasie die neo-klassieke- en latere nuwe welvaartekonomie paradigma as verwysingsraamwerk gebruik. Daar sal nie op die verskille tussen die neo-klassieke- en nuwe welvaartekonomie soos die gebruik van kardinale of ordinale meting van welvaart, ingegaan word nie. Daar word eerder klem gelê op die ooreenkoms, naamlik dat die mark se allokasies as vertrekpunt geneem word omdat dit van wesentlike belang vir die huidige paradigma van die landbou-ekonoom is. Die vraag of dit in die verlede 'n relevante paradigma was, sal nie hier bespreek word nie, maar wel tot watter mate dit in die toekoms die geval sal wees.

In die eerste plek moet onthou word dat konvensionele welvaartekonomie sy ontstaan grootliks in 'n kapitalistiese raamwerk gehad het met 'n bepaalde ideologie en siening ten opsigte van individualisme en staatsmag (Lall, 1976). Dié ideologie veronderstel 'n fundamentele harmonie van belange tussen alle lede van die gemeenskap. As dit nie die geval is nie, kan daar nie in terme van welvaart vir die gemeenskap as geheel melding gemaak word nie. Wat individualisme betref, word na die maksimering van individuele utiliteit verwys, maar dit kan natuurlik slegs geld as die eersgenoemde ideologiese aanname geldig is. Laastens word veronderstel dat die Staat neutraal is; weet wat die nasionale behoeftes is en dit nastreef en daar 'n harmonie van belangstelling met ander state bestaan. Ander vraagstukke wat betrekking het op die relevansie van neo-klassieke- en nuwe welvaartekonomie, het te make met die gebruik van markpryse binne die heersende inkomeverdeling as vertrekpunt met moontlike aanpassings. Die konsep van produksiedoeltreffendheid met betrekking tot welvaart kriteria is gekoppel aan marksukses in 'n kapitalistiese modus van produksie (Lall, 1976). Die kwessie rondom die inkomeverdeling is as 'n aparte, losstaande probleem beskou wat op die politieke terrein besleg moet word en weens die ekonoom se analitiese werkswyse gerieflik van sy "eie" domein geskei is.

In die algemeen en in die Suid-Afrikaanse situasie is dit duidelik dat:

(a) 'n Gemeenskaplike ideologie nie bestaan nie;

(b) die maksimering van individuele utiliteit dus nie die verlangde resultaat sal oplewer nie; en

(c) dat die Staat met sy huidige samestelling seker nie as neutraal beskou kan word nie en nie noodwendig "weet" wat die nasionale belang is nie en lojaliteit en ywer van amptenare geld ook nie altyd nie. Daar bestaan ook nie 'n tussenstaatlike harmonie van belange nie;

(d) die gebruik van skadupryse in stede van markpryse nie die probleem oplos nie as gevolg van internasionale distorsies en die gebruik van heersende pryse as vertrekpunt by beplanning in elk geval stilswyend die bestaande inkomeverdeling aanvaar;

(e) die vraagstuk van "hoe gelyk" die inkomeverdeling behoort te wees asook hoe om dit te bewerkstellig word nie bevredigend aangespreek nie;

(f) die konsep van produksiedoeltreffendheid met verwysing na welvaartkriteria gekoppel is aan marksuksesse in 'n kapitalistiese modus van produksie.

Les bes is die kapitalistiese raamwerk moontlik vir 'n aansienlike deel van die gemeenskap onaanvaarbaar. Ondervinding uit kontak daarmee was tot dusver eerder ontmoedigend.

Dit wil dus blyk dat dié landbou-ekonome wat hierdie paradigma as raamwerk gebruik op soek behoort te wees na 'n alternatiewe paradigma as hulle nie die risiko wil loop om irrelevant te word nie.

## 3. DIE LANDBOU-EKONOOM EN 'N ALTERNATIEWE PARADIGMA

Die welvaartbegrip soos toegepas in neo-klassieke welvaartekonomie en die nuwe welvaartekonomie kan beskryf word as 'n wiskundige funksie wat individuele utiliteit moes aggregeer tot 'n maksimum, hetsy kardinale utiliteit tot 'n maksimum bruto nasionale produk of ordinale utiliteit tot 'n unieke ideale sosiale staat. In hierdie proses is die ekonomiese dimensie van menslike behoeftes en begeertes geïsoleer; welvaart as 'n begrip ontwikkel wat gemaksimeer kan word; die vermoë om 'n welvaartmaatstaf vry van waardeoordele te vind aanvaar, asook om die mens as 'n ware *homo economicus* te beskou.

In die vorige afdelings is probleme uitgewys wat hierdie uitgangspunte oplewer. Daar is, soos alreeds genoem, dus 'n behoefte aan 'n alternatiewe paradigma. Publieke keuseteorie kan moontlik 'n oplossing bied vir hierdie dilemma.

**Publieke keuseteorie en enkele verdere aanpassings**

Publieke keuseteorie verwerp die begrip "sosiale voorkeur" wat deur middel van die sosiale welvaartfunksie gemaksimeer moet word. Volgens Buchanan (1986 : 264-266) is die gebruik van 'n sosiale welvaartfunksie 'n poging van moderne welvaartekonomie om wel normatiewe evaluasies oor verdelingsaangeleenthede te maak omdat die gedagte aan 'n oneindige aantal Pareto optimale situasies weens 'n oneindige aantal inkomeverdelings probleme geskep het. Hierdie probleme het ontstaan omdat individue as netto welvaartmaksimeerders voorgehou word en die aggregaat van hul welvaart in monetêre terme uitgedruk word. Deur dit te doen tree die ekonoom op soos 'n sosiale ingenieur, aldus Buchanan (1986).

In ooreenstemming met die nuwe welvaartekonomie, neem publieke keuseteorie ook individualisme as uitgangspunt en word die Pareto-kriterium ook gebruik. Die kernvraag word egter verskuif van: "Wat moet gedoen word om welvaart te maksimeer?", dit wil sê middelebeplanning met 'n vaste gegewe doel soos die oplossing van 'n goedgestruktureerde wiskundeprobleem met 'n unieke antwoord, na: "Wie kies wat en hoe kan dit wat gekies word, ten beste geaggregeer word om in praktiese optrede tot uiting te kom?" Dit is nie net wat die individu kies nie, maar **dat** hy kies, wat ook belangrik is. Dit beteken dus dat erkenning gegee word aan 'n verskeidenheid van doelstellings en dat middelebeplanning daarop ingestel is om keuses oor doelstellings so onbevange as moontlik te laat plaasvind. Die begrensing van wat gekies is, is die resultaat van die menings en waardes van gemeenskapslede. Hoewel **wat** gekies word steeds van wesentlike belang is, beklemtoon publieke keuseteorie dat "regte" of "goeie" keuse subjektief gedefinieer word. Dit is 'n erkenning dat die soeke na objektiewe maatstawwe soos 'n sosiale welvaartfunksie as 'n sogenaamd objektiewe aggregaat van individue se keuses futiel is, soos Arrow (1950) se onmoontlikheidstelling reeds getoon het.

Publieke keuseteorie verwerp die skeiding van die ekonomiese en politieke wetenskappe omdat die ruilproses in beide die mark en die politiek plaasvind. Hierdie teorie word verder as 'n perspektief op die politieke wetenskap beskou in terme van die ruilparadigma en nie as 'n resep vir politieke oplossings nie.

Hayek (1967: 163) meen die doelstelling van publieke keuseteorie is die skepping van 'n "...abstract order which as a whole is not orientated on any particular concrete ends, but provides merely the best chance for any member selected at random successfully to use his knowledge for his purposes". Daar word dan ook van die standpunt uitgegaan dat die individu die enigste bron van waarde is en dat die individu deur eie keuses sy voorkeure moet bevredig (Buchanan, 1986: 252). Publieke keuseteorie gaan van die belangrike veronderstelling uit dat die uitoefening van die keuse *per se* 'n aanduiding van 'n welvaartverhoging, hetsy dit 'n voorkeur vir die materiële of nie-materiële, is (Buchanan, 1987: 245). Die teorie sien sosiale welvaart as dit wat die grootste kans het om te manifesteer wanneer maksimale individuele vryheid geld wat alleen deur gedragsreëls begrens word wat deur die gemeenskap, verkieslik deur eenstemmigheid verkry is. 'n Minimum owerheidsrol word ook deur publieke keuseteorie voorgestaan, maar sien die gewenste omvang daarvan as die resultaat van die keuse van die breë publiek. Dit verteenwoordig 'n minder dogmatiese siening as dié van die vrye mark ideologie (Buchanan, 1986: 75-81).

Die individualistiese standpunt van publieke keuseteorie word egter deur Spies (1983 : 151) as 'n beperkende aanname vir sosiale keuse beskou. Hierdeur word die mens se waardes en ook sy selfgerigtheid as gegewe aanvaar en probleemoplossing slegs in die ontwerp van 'n gepaste struktuur, naamlik 'n grondwet en die mark gesoek. Die mens in sy soeke na bestaansekerheid soek en gebruik mag in die politieke en ekonomiese mark. Konflik ontstaan egter nie by mag *per se* nie, maar by die mentaliteit van die mens agter die mag (Thielicke, 1969: 229). Die dissiplinering van mense deur die ontwerp van gepaste strukture as die publieke keuseteoriemedisyne, is egter primêr op die mag gefokus en dokter dus eerder simptome. Hiermee word nie bedoel dat strukturele aanpassings nie 'n belangrike rol te speel het nie, maar wel dat die kar nie voor die perde gespan moet word nie. Die mens agter die struktuur moet heeltyd onder oë gehou word, met ander woorde: die mark se uitkoms of allokasies moet as 'n refleksie van mense se waardes gesien word. Daar moet teen gewaak word om aan die mark 'n identiteit in eie reg toe te ken en vryheid van keuse verabsoluteer.

Daar moet erkenning gegee word aan die verskeidenheid van menslike behoeftes (byvoorbeeld sekuriteits-, eties-morele en estetiese oorwegings) wat nie net verskeie "ekonomiese" probleme ten grondslag lê nie, maar ook 'n uitkomkans uit die probleme bied. Dis nie net die gevangenes in die "Prisoners Dilemma" wat vasgevang sit nie - dis ook ons as landbou-ekonome wat aan die mens 'n enkelvoudige doelfunksie weens 'n analitiese beskouing toeken (verwys na Pigou, 1920). Ons sal die ontsnaproete net kan ontdek as ons weer die mens in sy volheid waardeer deur gebruik te maak van 'n holistiese beskouing en nie vashaak by enkelfunksie-rasionaliteit van 'n *homo economicus*- mensbeskouing nie. Die ontsnaproete lê in die geleentheid tot transendering deur die erkenning van die verskeie dimensies van menswees. Dit verg onder andere 'n erkenning van die belang van die geloofsdimensie en die gepaardgaande erkenning dat die soeke na waarborge veroorsaak dat die *status quo* behou word.

## 4. SEKERE GEVOLGE VAN DIE HUIDIGE LANDBOU-EKONOMIESE PARADIGMA

Sedert die depressiejare van die 1930's en veral na die implementering van die Bemarkingswet in 1937 en die Grondbewaringswet van 1946, het daar via 'n aantal maatreëls 'n grootskaalse oordraging van rykdom plaasgevind vanaf die verbruiker/belastingbetaler na die blanke landbouprodusent in Suid-Afrika. Dit het deur middel van vele maniere geskied soos onder andere:

i) Die vestiging van nedersetters op staatskoste;

ii) staatsgefinansierde navorsing en voorligting;

iii) uitskakeling van mededinging deur:

  (a) Eenkanaal bemarkingstelsels of monopolieë;

  (b) die Wet op Grondbesit van 1913 en die Naturelle Trustwet en Wet op Grondbesit van 1936;

  (c) selektiewe invoerbeheer.

iv) Produsentesubsidies op onder andere kapitaal, ander insette, en vervoer;

v) lae-rente lenings aan beheerrade/koöperasies;

vi) aanlê van 'n spoorweg- en padnetwerk omtrent uitsluitlik in die sogenaamd blanke gebiede;

vii) staatshulp gedurende droogtes en vloede;

viii) die Veeverminderingskema;

ix) belastingtoegewings;

x) algemene aanmoediging en ondersteuning van kommersiële landbou ten koste van die bestaanslandbou.

Hierdie voorkeurbehandeling wat die Suid-Afrikaanse kommersiële landbou ontvang het oor die jare heen, het bygedra tot die omskepping van 'n agtergeblewe (Cobbett, 1986) en grootliks selfversorgende landbou in die twintigerjare tot een van die wêreld se min netto uitvoerders van landbouprodukte. Terselfdertyd het die verklaarde sosio-politieke belangrikheid van die platteland die indruk gelaat dat die behoud van die grootste moontlike finansieel gesonde blanke kommersiële landbouprodusentekorps ten alle koste nastrewingswaardig is. 'n Soort landboufundamentalisme het dus ontstaan deur die beklemtoning van landbou se andersheid. Die owerhede het nog verder gegaan met die passering van die Wet op Onderverdeling van Landbougrond in 1970 wat die onderverdeling van landbougrond in die kommersiële landbousektor in onekonomiese eenhede (gemeet aan 'n bepaalde lewenstandaard) verbied.

Die meerderheid kommersiële landbouprodusente glo ook dat produksiekoste die prys van hul produkte behoort te bepaal en nie, soos dit seker hoort, dat die markprys die produksiekoste behoort te bepaal nie. Die jarelange vasklewing aan die produksiekoste-plus prysbeleid het nie net 'n valse boodskap aan die produsente deurgestuur nie, maar het ook veroorsaak dat daar van produsentekant min aandag aan die mark en bemarking geskenk is.

Verder het 'n sterk geloof ontwikkel dat uniformiteit en groepvorming verkieslik is bo diversiteit. Koördinering en sentralisering was/is aan die orde van die dag. Absolute mag of seggenskap, so word geglo, is noodsaaklik vir effektiewe bedryfsvoering. Deling van mag of seggenskap moet vermy word en 'n minderheidsbelang is onaanvaarbaar. Die koöperatiewe beweging en die bemarkingsrade is sprekende voorbeelde hiervan.

Die rol van die meerderheidsbesluitnemingsreël by die totstandkoming en strukturele aanpassings van bemarkingsrade is 'n belangrike uitvloeisel van die bestaande paradigma waar "reg" of "beter" rasioneel en kwantitatief volgens getalle stemme besleg word. In teenstelling hiermee verwerp publieke keuseteorie die meerderheidsreël (m.a.w. die "tirannie van die meerderheid") op grond van die Pareto-norm en gee voorkeur aan die eenstemmigheidsreël as die enigste basis op grond waarvan 'n bepaalde allokasie of reëling algemeen as "goed" beoordeel kan word. Die rasionaal hier agter is die voordele van die kommunikasieproses wat geverg word om eenstemmigheid te bereik. Standpunte vanuit verskillende perspektiewe (ook die minderheidsgroep) word meer indringend ondersoek; ook emosies en vrese wat dikwels in "rasionele", "suiwer" ekonomiese argumente nie geopper word nie. Dit verskaf dus die geleentheid om 'n verpligting vir die *homo economicus* om ook sy "minder" ekonomiese, maar wesentlik belangrike oorwegings op die tafel te plaas (oorwegings wat veral by beleidvoering in die Suid-Afrikaanse landbousektor nie voldoende verreken is nie). Die inagneming van 'n wye verskeidenheid dimensies van 'n beleidsprobleem vanuit verskillende perspektiewe is van wesentlike belang vir effektiewe beleidsformulering in 'n komplekse dinamiese milieu soos die Suid-Afrikaanse konteks.

## 5. IMPLIKASIES VAN DIE AANVAARDING VAN 'N ALTERNATIEWE PARADIGMA

Dit is duidelik nie moontlik om al die implikasies van die aanvaarding van die voorgestelde alternatiewe paradigma in hierdie referaat te bespreek nie. Slegs enkele moontlike ontwikkelings en probleemareas sal behandel word.

Die eerste sarsies in die rigting van 'n alternatiewe paradigma is alreeds afgevuur. Die owerheid se verklaarde beleid van deregulering en privatisering het 'n aanvang geneem en toenemende politieke magsdeling is volgens alle aanduidings 'n voldonge feit. Dit word veronderstel dat 'n terugkeer na "Grand Apartheid" op grond van nasionale- en internasionale oorwegings nie 'n haalbare opsie is nie. Die ander uiterste, naamlik kollektivisering, word nie as 'n moontlikheid beskou nie omdat daar alreeds 'n te groot middelklas bestaan wat van handel afhanklik is.

'n Vrye mark, wat algemeen daargestel word as die uiteinde van deregulering en privatisering, beteken niks anders as die vryheid van toetrede of uittrede nie. Regulering wat die produsent die keuse ontsê hoe en deur watter kanale hy sy produk bemark, is duidelik teenstrydig met die vrye mark beginsel. Dieselfde argumente geld ten opsigte van byvoorbeeld permitte en kwotas. Die taak rus op die landbou-ekonoom se skouers om voorstelle te maak hoe hierdie vrye keuse bewerkstellig kan word. Die landbou-ekonoom moet begryp dat by besluite oor deregulering meer oorwegings (soos sekuriteit) ter sprake is wat nie deur argumentering gegrond op doeltreffendheidsoorwegings besweer kan word nie. 'n Effektiewe kommunikasiestyl gegrond op 'n meer volledige mensebeskouing en begrip vir die "nie-ekonomiese" oorwegings sal aanpassings moet help fasiliteer. 'n Goedontwikkelde oratoriese vermoë sonder 'n gepaste paradigma, 'n mensgerigtheid en respek vir verskillende standpunte sal onvoldoende wees.

Die landbou-ekonoom sal minder behep moet wees met optimering en maksimering en 'n groter bewustheid vir die tekortkominge van natuurwetenskaplike denkwyses by komplekse sosiale probleme moet openbaar. 'n Groter sensitiwiteit vir die "unintended consequences" van beleidmaatreëls en van die "ingeboude", verskuilde eienskappe van landboutegnologie met potensieel belangrike sosiale gevolge sal vereis word. In dié verband kan die omgewingsverkenningsoefeninge wat vir strategiese beleidsbeplanning binne 'n komplekse omgewing ontwikkel is, met vrug gebruik word (verwys na Laubscher (1987) se toepassing van hierdie benadering op die Suid-Afrikaanse sagtevrugtebedryf).

Beperkende wetgewing soos die Groepsgebiedewet van 1950 die Naturellegrondwet van 1913 en die Naturelle Trustwet en Wet op grondbesit van 1936 kan die toets van vrye keuse nie oorleef nie (Kassier, 1987 : 51). Die grondkwessie is deur 'n vorige referaat aangespreek en die hoop is dat landbou-ekonome hul navorsing onder andere op hierdie terrein sal toespits. Dit is ontstellend dat nie-landbou-ekonome alreeds aktief op hierdie gebied navorsing onderneem omdat die landbou-ekonome self die navorsingsveld as "te sensitief" beskou. Die vestiging van byvoorbeeld Swart, Kleurling en Indiër kommersiële landbouprodusente word as 'n heel gangbare moontlikheid beskou maar dan sal hul agterstand deur middel van 'n intensiewe voorligtingsaksie (waarskynlik geskoei op die "kaalvoet dokter" benadering in Sjina (Rogers, 1983)) en gunstige finansiële voorwaardes aangehelp moet word. Dit is immers hierdie soort van konsessies wat aan die begin van die eeu aan die sogenaamde "armblankes" toegestaan is. Die moontlikheid dat die kommersiële landbou die domein van die blanke produsente sal bly, is hoogs onwaarskynlik (Cross, 1986). Dit is waarskynlik makliker om potensiële nie-blanke boere in die huidige Blanke gebiede te vestig waar die infrastruktuur alreeds bestaan.

Gepaardgaande met die afskaffing van bogenoemde wette, sal daar ernstig na die sinvolheid van die Wet op Onderverdeling van Landbougrond van 1970 gekyk moet word. Dit is onwaarskynlik dat so 'n wet in die moontlike nuwe bestel sin sal maak. Die begrip van 'n "ekonomiese eenheid" sal weer eens onder die soeklig moet kom. Hierdie problematiek bied weer eens 'n vrugbare navorsingsveld vir die landbou-ekonoom.

Die armoedeprobleem, veral van die plaaswerkerskorps tesame met die algemene verdelingsprobleem (Van der Berg, 1989) sal ongetwyfeld al hoe meer aandag geniet. Dat so min navorsing deur landbou-ekonome onderneem is op hierdie terrein, strek ons beroep beslis nie tot eer nie. Die waardesisteem van die besluitnemers tot op hede word byvoorbeeld weerspieël in die feit dat meganisasie as meer belangrik en tersaaklik beskou was as landbou-arbeidsaangeleenthede. Dit is ook op hierdie terrein dat nie-landbou-ekonome die leiding geneem het. Waarom?

'n Gedeelte van die landbougrond in die RSA word deur deeltydse landbouprodusente besit, terwyl ander plase as ontspanningsgeriewe gebruik word en ander onderbenut of glad nie benut word nie. Wat is die landbou-ekonoom se siening in hierdie verband teen die agtergrond van die ontwikkelings in die RSA?

Tans word die kommersiële landbou bestuur op basis van die huidige landboubeleid soos uiteengesit in die Witskrif van 1984. Daar is 'n aantal doelstellings in hierdie dokument wat met die veranderende omstandighede in Suider-Afrika sekerlik hergeformuleer behoort te word. Die bestaande probleem van die blanke ontvolking van die platteland behoort aan die einde van hierdie eeu seker in 'n heel ander konteks beoordeel te word. Waar is ons beleidsguru's wat hierdie aspek aanspreek?

Die aksentverskuiwing vanaf 'n landboubeleid na 'n moontlike voedselbeleid word tans deur 'n Komitee van Ondersoek ondersoek. Dit wil voorkom of dit 'n poging is om beleid onder andere meer verbruikersgerig te maak. Die landbou-ekonomiekorps sien met groot verwagting uit na die verslag. Hopelik sal die Komitee weg beweeg van die verwysing na ons landbou as 'n dualistiese een asof dit iets natuurliks is, gebaseer hoofsaaklik op kulturele aangeleenthede. Is dit nie die simptome eerder as die oorsaak nie?

Die landbou-ekonoom se opleiding kan uiteraard nie onaangeraak bly tydens 'n besinning oor 'n alternatiewe paradigma nie. Die vermoë om vanuit verskillende perspektiewe na 'n probleem te kyk as 'n praktiese erkenning van die mens se multidimensionaliteit sal aktief ontwikkel moet word. Rolspel en blootstelling aan byvoorbeeld werke soos Linstone (1984) se "Multiple perspectives for decision making", behoort groot voordeel in te hou. Die belang van taal en die uitkenning van logikafoute by probleemformulering by beide navorsing en beleidsformulering kan onderstreep en bevorder word deur 'n kursus in logika wat deur filosofie-departemente aangebied word. Die tekortkominge van byvoorbeeld die rasionalisme wat die neo-klassieke en nuwe welvaart- ekonomiese paradigma ten grondslag lê, kan beter verstaan word deur dit teen die agtergrond van ander denkrigtings in 'n filosofie-kennisleer kursus te bestudeer. Die ontwikkeling van kommunikasievermoëns sal ook nie agterweë kan bly nie.

## 5. OPSOMMING

Vir die landbou-ekonoom in Suider-Afrika is daar 'n uiters interessante en uitdagende dekade in die vooruitsig. Die wyse waarop hy sy rol as pedagoog, navorser en voorligter sal vervul, sal sy relevantheid bepaal. Ons is, glo ek, potensieel toegerus om die uitdagings aan te gryp - al wat kortkom is die moed.

## 6. VERWYSINGS

ARROW, KJ. (1950). A difficulty in the concept of social welfare. Journal of political economy, Vol 58.

BUCHANAN, JM. (1987). Liberty, market and state : Political economy in the 1980's. Brighton : Harvester Press.

COBBETT, M. (1986). The land question in South Africa : A preliminary assessment. Referaat. York : Konferensie van die "Centre for Southern African Studies" oor "The Southern African Economy after Apartheid".

CROSS, CR. (1986). Informal credit - or how does a rural community capatalize itself? Referaat. Durban : Konferensie van die Centre for Applied Social Sciences.

HAYEK, FA. (1967). Studies in philosophy, politics and economics. London : Routledge & Kegan Paul.

KASSIER, WE. (1987). A richer yield. Leadership, Vol 6, No 3: 45-51.

LALL, S. (1976). Conflicts of concepts : Welfare economics and developing countries. World development, Vol 4, No 3: 181-195.

LAUBSCHER, J. (1987). 'n Strategiese benadering tot landboubeleidsbestuur : Toepassings in die Suid-Afrikaanse sagtevrugtebedryf. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Stellenbosch : Universiteit van Stellenbosch.

LINSTONE, HA. (1984). Multiple perspectives for decision making. New York : North Holland.

PIGOU, AC. (1920). The economics of welfare. London : MacMillan and Co.

ROGERS, EM. (1983). Diffusion of innovation. 3rd ed. New York : The Free Press.

SPIES, PH. (1983). An economic basis for understanding long-term structural shifts in political processes. SEE (November).

THIELICKE, H. (1969). Theological ethics : Politics. Michigan : Eerdmans Publishing Co.

VAN DEN BERG, S. (1989). On interracial income distribution in South Africa to the end of the century. The South African Journal of Economics, Vol 57, No 1: 35-51.

## 7. SUMMARY

In this paper the standard agricultural economics paradigm is discussed and the shortcomings are pointed out. This is followed by a discussion wherein the emphasis is shifted to an alternative paradigm that addresses the problems of South African agriculture. The commercial agricultural sector is described and the role of the current agricultural economic paradigm and its creation is discussed. Subsistence agriculture is not addressed. The general conclusion of the paper is that there is an interesting and challenging decade facing the agricultural economist in Southern Africa. The manner in which he fulfills the role of educator, researcher and extension officer will determine his relevance. We are, I believe, potentially equiped to take on the challenges - we only lack the courage.